

SARS stel drie adjunk-kommissarisse aan om leierskap te verskerp

Tshwane 2 Junie 2023 – SARS-kommissaris, Edward Kieswetter, het vandag die aanstelling van drie adjunk-kommissarisse, om sy uitvoerende span binne SARS te versterk, aangekondig. Dit volg na ‘n uitgebreide werwingsoektog wat gelei het tot die aanstelling van een interne kandidaat en twee uit die privaat sektor. Die aanstelling van adjunkte is een van die aanbevelings in die finale verslag van die kommissie van ondersoek jeens belastingadministrasie en -bestuur by SARS, gelei deur Regter Robert Nugent.

Kommissaris Kieswetter het gesê: “***Ek is verheug oor hierdie aanstellings. Die adjunk-kommissarisse sal waardevolle ondersteuning bied om verder te bou aan die werk wat ons vier jaar gelede met die herbouingsprogram begin het. Om institusionele integriteit en bestuur te versterk; ons moderniseringsreis te bespoedig; en ons kapasiteit en vermoëns op te bou om ons wetlike mandaat uit te voer. As tweede in bevel naas die kommissaris, sal die adjunk-kommissarisse ons leierskapsbank komplementeer en verseker dat daar groter fokus is op die bepaalde areas wat aan hulle toevertrou is en ons vooroordeel vir optrede verhoog.***”

Die adjunk-kommissarisse is:

1. Mnr. Johnstone Makhubu – Adjunk-kommissaris: Belastingskakeling en -bedrywighede

Mnr. Makhubu is tans die hoof inkomstebeampte by SARS en is sedert 2016 by die organisasie betrokke. Hy het in Junie 2016 van Eskom af by SARS aangesluit as hoof aankopebeampte voordat hy in 2018 as hoof finansiële beampte aangestel is. Nadat kommissaris Kieswetter by SARS aangesluit het, is die rol van hoof inkomstebeampte geskep, en Johnstone het hierdie rol sedert 2020 gevul. Sy waardevolle ondervinding binne SARS sal hom aanvul in sy nuwe pos van toesighouer oor SARS se groot en ingewikkelde bedrywighede met die doel om prestering te verhoog, belastingdienste verder te professionaliseer, nakoming te stuur in lyn met SARS se strategiese oogmerke.

Mnr. Makhubu het ‘n baccalaureus scientiae-graad in elektriese ingeneurswese van die Universiteit van KwaZulu-Natal, en ‘n baccalaureus commercii-graad van Unisa. Hy het ‘n meestersgraad in sakeleierskap van Unisa en het ‘n seniorbestuursprogramkwalifikasie van

Henley Business School. Hy is tans besig met sy doktersgraad in leierskap by die Universiteit van Pretoria.

Mnr. Makhubu se nuwe rol behels die toesighouding oor en versekering van die effektiewe volgehoude daaglikse bedrywighede regoor ons belastingskakelingaanbiedinge in belasting en doeane, asook die afdwing van nakomingsverpligtinge van handelaars en belastingpligtiges. Sy rol fokus op die voorry-skakeling met belastingpligtiges en handelaars om die effektiewe verskaffing en/of fasilitering van alle belasting- en doeanedienste te verseker, asook die oplossing van alle diensverwante navrae, alle sake waar 'n belastingpligtige vir verdere nakomingsoptrede uitgewys is en die oplossing van alle dispute wat uit enige nakomingsuitslag spruit. Hy sal ook fokus op alle uitreik- en bewusmakingsaksies ter ondersteuning van vrywillige belastingnakoming, asook die orkestrering en operasionele instaatstelling ten opsigte van belastingpligtige skakeling en fasilitering. Die lewering van SARS se nakomingsprogram, insluitend die risikoprofilering en saakuitwysing, sal binne die omvang van sy rol val.

2. Mnr. Carl Scholtz – Adjunk-kommissaris: Ondernemingstrategie, -instaatstelling en -modernisering

Mnr. Scholtz het omvattende ondervinding in voorbrand stelselontwikkeling en -integrasie, argitektuurontwerp, asook sakeproses-heringeneurings-inisiatiewe. Hy het waardevolle ondervinding bymekaar gemaak in die formulering van besigheidstrategië en die uitvoer van besigheidsomkeertye in die poste wat hy beklee het by verskeie ondernemings, insluitend Comair, SA Brouerye, Pick 'n Pay Retailers en die Johannesburgse Aandelemark (JSE). Mnr. Scholtz het aan die stuur gestaan van mega-projekte in die finansiële dienste-industrie en was die programdirekteur by die JSE waar hy verantwoordelik was vir die lewering die JSE se geïntegreerde handels- en klaringsoplossing, 'n R500-miljoen se kernstelselvervangingsprogram wat 18 verskillende stelsels oor 'n tydperk van drie jaar behels het.

Mnr. Scholtz se besonderse operasionele en kommersiële ondervinding maak hom die ideale kandidaat om SARS se ondernemingstrategie, -instaatstelling en -moderniseringsportfolio te lei in 'n omgewing waar die organisasie strewe jeens die bou van sy gevorderde datawetenskap en kunsmatige intelligensievermoë, en strewe om tegnologiese innovering in te span om die strategiese oogmerke van SARS te bevorder en transformeringsdoeltreffendheid te versterk jeens 'n slim, moderne SARS.

Carl het 'n baccalaureus- en honneursgraad in elektroniese ingeneurswese van die Universiteit van Pretoria, asook 'n meestersgraad in sakeleierskap van Unisa se sakeskool.

In sy rol as adjunk-kommissaris sal Carl die ontwikkeling en uitrol van moderniseringstegnieke verseker en toesig hou in 'n omgewing van gevorderde datawetenskap, kunsmatige intelligensie en tegnologie-innovering. Hy sal ook toesig hou oor die effektiewe verskaffing van IT-stelsels wat nodig is om SARS se unieke oogmerke en doelwitte te ondersteun, asook die bestuur, vloei en strategie van data, oor sy lewensiklus heen, om SARS se sake- en finansiële oogmerke te behaal.

3. Me. Bridgitte Backman – Adjunk-kommissaris: Korporatiewe en Ondernemingsdienste

Me. Backman is 'n gesoute sakeleier wat omvattende ondervinding bring oor 'n reeks van industrië heen soos ontwikkelingsfinansies, energie (olie en gas), spys en drank en verkiesingsbestuur, waar sy in verskeie algemene bestuurs- en uitvoerende poste gedien het – gedeelde dienste, korporatiewe sake, openbare beleid, innovering, regs, leveringsketting en mensebestuur.

Bridgitte se aansienlike ondervinding in bestuur, integrasie en omkeer van afdelings maak haar 'n ideale kandidaat vir hierdie rol. Haar uitgebreide ondervinding in die smee van interne en eksterne strategiese alliansies, om sleutel strategiese sakehefbome en -drywers te ontsluit, gee haar 'n goeie voet in SARS. Haar strategiese skerpsinnigheid het haar in staat gestel om organisasies, afdelings en departemente te herlei om 'n holistiese prestering te onderskryf, gefokus rondom mense en doelwitte as boustene van die langtermyn toekoms van 'n organisasie.

Bridgitte het 'n baccalaureus scientiae-graad in chemie van die Universiteit van Kaapstad en 'n meestersgraad in sake-administrasie van die Rotterdam Bestuurskool in Nederland, insluitend 'n uitruilsemester by die Haas Business School, Universiteit van California in Berkeley, VSA. Sy het ook as raadslid gedien van die Verenigde Nasies se wêreldkompak in Suid-Afrika. Sy dien tans as senior vennoot van die Universiteit van Cambridge se instituut van volhoubare leierskap, asook 'n besoekende vennoot by die Saïd Business School, Universiteit van Oxford.

As adjunk-kommissaris, sal sy aan die stuur wees van die korporatiewe en ondernemingsdiensteportfolio, verantwoordelik vir die verskaffing van korporatiewe en gedeelde dienste ter ondersteuning van die kernsake. Die rol behels toesig oor en versekering dat toepaslike strategie en beleide in plek is, inlyn met SARS se strategiese voorneme, visie en waardes, doeltreffende lewering in die areas van finansies en hulpbronrentmeesterskap, mense, risiko en bestuur, belanghebbendesbestuur (korporatiewe en professionele liggame), korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid, teenkorruptie en integriteit en korporatiewe en presteringsverslaggewing.

Kommissaris Kieswetter verwelkom die drie nuwe adjunk-kommissarisse by SARS en sien uit daarna om met hulle saam te span in die realisering van SARS se strategiese vooruitsig van die bou van 'n slim, moderne SARS met onbetwisbare integriteit wat vertrou en bewonder is, en wat vrywillige belasting- en doeanenakoming aangryp.

Met die opneem van die helm as SARS-kommissaris in Mei 2019, het kommissaris Kieswetter die volgende vyf doelwitte vir SARS gelys:

1. Verbreed die belastingbasis
2. Verbeter vrywillige nakoming en fiskale burgerskap
3. Gebruik ons hulpbronne en pogings op intelligente wyse om meer met minder te vermag
4. Hou deurslaggewende vennootskappe binne die regering in stand, en met belanghebbendes, plaaslik en internasionaal;
5. Bou 'n organisasie met integriteit wat vertrou en bewonder kan wees.

Hoewel daar aansienlike voorbrand met die bogenoemde gemaak is, sien kommissaris Kieswetter ook uit na die reis vorentoe met die bydrae van die drie adjunk-kommissarisse om die oorwinnings te konsolideer en die weerstand van die organisasie te versterk om volgehoude vordering en innovering in die jare vorentoe te volhou.

Kommissaris Kieswetter het hoë verwagtinge van die adjunk-kommissarisse. Hy het genoem: "**Daar is geen hoër doelwit vir 'n leier as om te dien nie. En daarmee is die enigste mense waaraan 'n leier verantwoordbaar is, die mense wat hy of sy beweer om te dien. Ons wil hê dat leiers balans bring aan die onderskeie rolle; leiers wat die hoër doel dien om ons land op te bou; leiers wat passievoll is oor belasting en doeane. Leiers wat diegene wat hulle lei sal koester en waardeer. Maar belangrikste van alles – leiers wat die beste uitkomste vir ons belastingpligtiges op die hart het.**"

Kommissaris Kieswetter het bygevoeg: “***Aanstelling is slegs die helfte van die werk van opvolging. Opvolging sluit aktiwiteitie in wat plaasvind na die aanstelling van adjunk-kommissarisse – aktiwiteitie wat ontwerp is om hul kanse op sukses te maksimaliseer. Ek sien uit om hierdie aktiwiteitie te lei***”.

Vir meer inligting, kontak asseblief SARSMedia@sars.gov.za

EINDE